# OORSIG

Daar is baie oortuigings in die wêreld oor wie die volk Israel werklik is en hoe hul geskiedenis en toekoms in die lig van die Bybel se boodskap verstaan moet word. Dit wissel van die Judaïsme en Sionisme, wat in vyandskap staan teen Jesus Christus, tot verskeie mistastings in die Christendom.

Die sleutel tot die volle waarheid oor Israel lê in die ware identiteit van die Bybelse Israel (‘Jode’ en ‘heidene’) en die ware identiteit van die hedendaagse Jode en Christene.

Die volgende word gestel:-

- Die Antichristelike magte, wat onder andere die Judaïsme en Sionisme insluit, verkondig dat die hedendaagse Jodedom die ware Israel is, dat hul beloofde verlosser nog moet kom en dat dit nie Jesus Christus is nie. Hulle verkondig verder dat nasionale Israel (Jode) weer herstel gaan word, dat die Wet van Moses dan weer ingestel gaan word en dat Israel as uitverkore volk van God oor die wêreld gaan regeer.
- In die Christendom is daar wyd-uiteenlopende sieninge oor Israel. Dit wissel van simpatie met sekere aspekte van die Judaïsme en Sionisme, tot oortuigings dat Israel deur die Kerk vervang is, tot die idee dat die Jodedom Christus uiteindelik gaan aanvaar as die ware Verlosser.
- Die eenvoudige boodskap van die Bybel oor Israel is egter soos volg:

  God het nasionale Israel bewaar totdat Jesus Christus uit hulle gebore was en Hy die Ou Testament vervul en afgesluit het. Met die instelling van die Nuwe Testament het Hy ’n nuwe Israel uit Israel geskep, naamlik sy gemeentes.

  Die gemeentes het aanvanklik bestaan uit gelowiges uit die twee stamme Juda en Benjamin (Israel), maar later was gelowiges uit die ander tien stamme (‘heidene’) ook ingesluit.

  Hierdie nuwe, herstelde Israel bestaan vandag uit Jesus se ware gemeentes wêreldwyd. Hulle groei steeds na hul volle getal en na gereedheid om Hom te ontvang met sy wederkoms.

# INHOUD

Inleiding .......... 2
Sieninge oor Israel .......... 3
  Judaïsme / Sionisme .......... 3
  Die Christendom .......... 4
Wat sê die Bybel .......... 5
  Oud-Israel .......... 5
    Adam tot Salomo .......... 5
    Skeuring en ballingskappe .......... 5
    Herstel .......... 6
    Die einde van nasionale Israel .......... 6
  ’n Nuwe Israel .......... 7
    Jode en heidene .......... 7
    Wie was die heidene? .......... 8
    Die gemeentes .......... 9
    Burgerskap .......... 10
    Skadubeelde en werklikheid .......... 10
  Probleemtekste .......... 11
Israel vandag .......... 11
Joodse aanspraak .......... 12
Slot .......... 12

# INLEIDING

God se verbond met Abraham het ’n belofte van ryke seën en ’n groot nageslag ingesluit. Abraham se kleinkind Jakob het dan ook die vader van twaalf seuns (en ’n dogter) geword. Hy was baie voorspoedig en welvarend, en het hom met sy familie en besittings in Kanaän gaan vestig. Op pad soontoe het God hom die naam *Israel* gegee, wat beteken *om met God te regeer*. Dit sou dan ook die naam wees van die volk *Israel*, waarvan Jakob se twaalf seuns die stamhoofde geword het.

Israel is van die begin af, en tot in ewigheid, God se uitverkore volk. Hulle vervul ’n sentrale rol in God se reddingsplan vir die mens. Die beloofde Verlosser van die hele nageslag van Adam was uit hierdie spesifieke volk gebore (Rom 9:4-5). God het homself persoonlik as JAHWEH aan Israel bekend gestel en in 'n baie besondere verhouding met hulle getree. Hy het hulle uitverkies om sy 'vrou' te wees (byv. Jes 54:5,6) en om sy 'eiendomsvolk' te wees (Deut 7). Van die Verbondsluiting by die berg Sinai tot en met Jesus se sterwe aan die kruis het God hulle bewaar en beskerm.

God se verbintenis met sy volk het ook nie by die kruis van Jesus geëindig nie. Hy het belowe dat Hy hulle vir altyd sou bewaar en seën. Daar was dus beloftes en profesieë wat in die Nuwe-Testamentiese era nog vervul moes word. Sommige daarvan is reeds vervul, en ander gaan nog vervul word. Die groot vraag was nog altyd: wat is daardie profesieë, hoe en wanneer word hulle vervul, en wie presies is betrokke? Paulus sê in Rom 8:18-23 dat die ganse skepping in afwagting verkeer oor die eindbestemming van Israel. Dit is vandag steeds baie aktueel in kerkkringe en in die wêreldpolitiek.

Die wortels van ons geloof lê in Israel, uit wie Jesus Christus die Seun van Dawid gebore was. Daar is ’n geestelike band tussen ons en Israel, op grond van ons geloof in Jesus. Ons het ook ’n genealogiese band met Israel deur ons eie volk se herkoms. Ons bande met Israel is belangrik, want dit bepaal ons verhouding met ons omgewing en met God. Israel – die volk van die Bybel – is van sentrale belang in ons geloof.

Dis ’n swaar onderwerp wat moeilik is om op eie houtjie te bestudeer. Gevolglik aanvaar mense maklik wat aan hulle voorgehou word oor Israel, veral wanneer dit deur die wêreldmedia of van die kansel af kom. Christene kan maklik mislei en verwar word en van ware geloofsvreugde en hoop beroof word. Gelowiges word byvoorbeeld vrees ingeboesem deur uitsprake gebaseer op Gén 12:3 en 27:29: Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. Omdat mense dink dat die moderne Israel en die Jode hierdie volk van die Bybel is, val hulle oor hul voete om hulle te ondersteun en op die hande te dra, asof God se guns daardeur gewen kan word. Daar is egter ’n groot verskil tussen hulle en die ware Israel van die Bybel.

Die belangrike vrae in ons gemoed is: wie en waar is die ware Israel vandag? En wie is óns? Hoe skakel ons met Israel? Ons ware herkoms en identiteit – geestelik sowel as fisies – is baie belangrik, en dit is vandag een van die mees versluierde en miskende waarhede!

# SIENINGE OOR ISRAEL

Dis belangrik vir Christene om ingelig te wees oor die verskillende opvattinge in die politieke en kerkwêreld oor Israel. Daar is ’n hele verskeidenheid van oortuigings, en ook dwalinge en vals propaganda rakende hierdie uitverkore volk van God. Dit berus meestal op vertolkings wat geforseer word deur politieke, etniese of godsdienstige sentimente. Dis ook belangrik om te weet dat bose magte al eeue lank besig is om leuens oor Israel op te dis en dit as waarheid op die wêreld af te dwing.

Hier is maar enkele van die mees algemene populêre oortuigings en ander inligting wat aan ons voorgehou word asof dit feitelike waarhede is:

## DIE JUDAÏSME / SIONISME

Volgens hierdie ideologie impliseer die ewige verbond wat God by die berg Sinai met Israel gesluit het onder andere dat Israel vir altyd sal voortgaan as nasionale entiteit onder die Ou-Testamentiese Wet. Die hedendaagse Jode – waar hulle hul ook al in die wêreld bevind – word voorgehou as die moderne nageslag van hierdie Israel.

Daar word verder verkondig dat Israel weer herstel gaan word soos die profete voorspel het, en dat dit ’n her-oprigting van die fisiese nasionale entiteit van ouds sal wees. Sommiges dink dat die heroprigting net die twee stamme (Juda en Benjamin met ’n deel van Levi) sal insluit aangesien die ander tien stamme glo verlore is en nooit sal terugkeer nie. Hoe dit ookal sy, dit gaan glo weer die Israel van die Ou Testament wees. Die Wet (Tora) gaan weer wêreldwyd in werking gestel word en Israel gaan die res van wêreld daarin onderrig. Die (nog) komende verlosser van Israel gaan uit Jerusalem regeer.

So word dit deur die hedendaagse Judaïsme (Jodedom) verkondig. Die stigting van die staat Israel in 1948, wat op die Sionisme berus, was dan glo ’n begin van hierdie herstel van Israel. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die Judaïsme baie vorms aanneem en oor baie meer as net Israel en die Tora gaan. Dit is redelik bekend dat verskeie subversiewe organisasies soos byv. die Vrymesselary, Kaballa en Illuminati met die Judaïsme verweef is. Die Antichris is in hierdie omgewing gevestig, vanwaar dit ook opereer in sy aanslag op Christus en sy volgelinge.

Hierdie hele ideologie is uiters lasterlik en vyandig teenoor Jesus Christus in verskeie opsigte, byvoorbeeld dat dit Hom nie as die Seun van God of die Verlosser van Israel erken nie, die Nuwe Testament verwerp en Jesus se volgelinge verag. Die verlosser wat die Judaïste en Sioniste verwag sal daarom ook Jesus se groot teenstander wees.

Al is dit redelik maklik om aan te toon dat die Judaïstiese/Sionistiese beskouinge oor Israel in stryd met die Bybel is, word dit so kragtig en vernuftig deur die geldmag se media aan die wêreld opgedring dat dit vir die gewone Christen moeilik is om te onderskei en te weerstaan. Die waarheid word vir ons weggesteek en verbloem met vals inligting oor Israel. As byvoorbeeld gevra word waar óns (die Westerse volkere) vandaan kom, vervaag die antwoorde na dié wat op skool en universiteit geleer word en in die media verkondig word. Die lyne wat ons verbind aan die eerste mens Adam word óf verswyg óf saamgeklits met evolusionistiese teorieë oor die mens se herkoms.

# DIE CHRISTENDOM

Geloof in Jesus Christus as die Seun van God en ware Verlosser van die wêreld, is die onbetwiste algemene basis van die Christendom. Maar waar dit oor Israel as sodanig gaan, word die Bybel baie verskillend verstaan en vertolk.

Die probleem begin by die algemene opvatting dat die hedendaagse Jode die nakomelinge van die Israelvolk van die Bybel is, ongeag waar hulle hul in die wêreld bevind. Dié wat in die moderne staat Israel woon word beskou as Israeliete wat reeds na hul land teruggekeer het volgens die profesieë. Verder word alle ander mense wat nie Jode is nie as 'heidene' gesien, ongeag ras, taal of kultuur. Met uitsondering van die klein aantal Christen-Jode ('Messiaanse Jode') word Christene as bekeerde 'heidene' gesien, aldus die populêre vertolking van die woord *heiden*.

Dié uitgangspunt oor die identiteit van die Jode en heidene lei tot allerlei uitleggings oor Israel. Een daarvan is byvoorbeeld dat God Israel (die 'Jode') heeltemal verwerp en met die Kerk (die 'heidene') vervang het. Die Kerk is dan die nuwe, 'geestelike' Israel. Dit staan algemeen bekend as *vervangingsteologie*. Dit word merendeels in gereformeerde geloofskringe verkondig.

'n Ander uitleg is byv. dat Israel (die 'Jode') glad nie verwerp is nie, maar dat God hulle uiteindelik as 'n fisiese, nasionale entiteit gaan herstel, terwyl die Kerk ('heidene') intussen genade en redding deur geloof ontvang. Die herstel van Israel sal gepaard gaan met 'n toekomstige nasionale bekering van die Jodedom tot Jesus Christus. Hierdie uitleg is weer 'n uitvloeisel van die *dispensasieteologie.* Dit plaas die Jodedom in die oë van die Christendom in 'n unieke en verhewe klas, tot groot nadeel van Christene se selfbeeld, geloofskrag en blydskap in Jesus. Hierdie misleiding word baie deeglik in stand gehou in evangeliese en charismatiese kerkkringe en veral deur die wêreld se hoofstroom nuusmedia.

Hoe meer antwoorde oor Israel aangebied word, hoe meer vrae kom na vore. Die gedagte dat God Israel met die kerk vervang het laat byv. vrae ontstaan oor God se getrouheid aan sy uitverkore volk. Waarom sal Hy sy volk verwerp en tot niet laat gaan ná al die beloftes wat Hy aan hulle gemaak het, en terwyl daar altyd 'n oorblyfsel van hulle was wat aan Hom getrou gebly het? Of as God sy volk nie verwerp het nie en daar 'n nasionale bekering na Christus op hulle wag, *wanneer* gaan dit gebeur – vóór, of ná Jesus se wederkoms? Hoef hulle Hom eers te aanvaar wanneer hulle Hom met die oog sien? Dié vrae lei tot ernstige teologiese dilemmas.

Geen kerk of teoloog het enige hoop om die waarheid oor Israel te vind op die basis van die genoemde uitgangspunt oor wie die Jode en heidene is nie. Dis 'n foutiewe uitgangspunt, 'n vals basis. Kennis van die ware identiteit van die 'Jode' en 'heidene' van die Bybel, en die ware identiteit van die hedendaagse Jode en Christene, is nodig. Eers as dít bekend is kan die ware Israel herken en waardeer word.

Die vraag is waar ons die nodige kennis oor hierdie saak kan kry. Deur die eeue is al geweldig baie daaroor bespiegel, nagevors en geskryf, maar tot vandag toe is dit asof daar steeds geen eenvoudige, algemeen-aanvaarde waarheid oor Israel is nie. Die Bybel gee egter daardie antwoord, as dit maar net reg verstaan en geglo kan word! As die nodige moeite gedoen word om die Bybelse legkaart oor Israel versigtig te bou tot die totale prentjie voltooi is, dan is buite-Bybelse inligting skaars nodig. Dit is ook nie nodig om te veel met 'letterlike' of 'figuurlike' vertolkings te sukkel nie, aangesien die Bybel dit self duidelik genoeg maak wanneer iets 'n konkrete werklikheid of simboliese beskrywing is.

Ons gaan nou kyk wat die Bybel vir ons sê oor Israel:

# WAT SÊ DIE BYBEL

Dit is altyd belangrik om te probeer vasstel wat die Bybel presies sê oor 'n onderwerp, sonder om jou persoonlike gevoelens toe te laat om jou oordeel te beïnvloed. Dit geld veral in die geval van Israel as onderwerp, omdat dit in sommige opsigte sensitief en emosie-belaai is. In hierdie studie gaan ons nou probeer om heeltemal objektief – uit 'n neutrale oogpunt – te kyk na wat die Bybel oor Israel bekendmaak.

Ons kyk eers baie kortliks na die Bybelse geskiedenis van Israel. Dit loop soos 'n goue draad van die sondeval af tot ná die vestiging van die eerste gemeentes in die Nuwe Testament:

## OUD-ISRAEL

### Adam tot Salomo

Die eerste mensepaar het deur invloed van die Satan en in ongehoorsaamheid teen God gesondig en verval in 'n toestand van natuurlike boosheid, verwydering uit hul verblyfplek en verbreking van direkte kontak met hul Skepper (Gén 2,3, 2Kor 11:3, Rom 1:18-32, 5:12).

God het hul oortreding veroordeel en die straf daarvoor aangekondig, maar ook vergifnis en herstel belowe, wat deur die vrou se nageslag bemiddel sou word in die persoon van sy Seun Jesus Christus (Gén 3:15, Rom 5:12-21, Gal 4:4, Heb 2:14, 1Joh 3:8).

Hierdie nageslag waaruit Jesus gebore sou word het met Set begin, wie se geslagslyn verder geloop het deur Noag, tot by Abraham. JAHWEH het Abraham afgesonder en 'n verbond van genade en seën met hom gesluit. Hy sou 'n groot nageslag hê, en hulle sou hul eie vaderland kry om in te woon. Daarna het Hy die belofte bevestig aan Abraham se seun Isak en ook aan sy kleinseun Jakob, wie se naam Hy toe ook na Israel verander het. Later het Hy Jakob se nakomelinge, die twaalf stamme van Israel, uit Egipte verlos en die Ou-Testamentiese verbond met hulle gesluit (Exod 19-20). Dit was 'n ewige verbond, soos 'n huwelik (Jes 54:5-8, Jer 3:14, Eség 16) wat hulle 'n baie spesiale status besorg het in vergelyking met ander volke en die res van die skepping. Die verbond, saam met die voorwaardes en voorskrifte van die Wet, sou hulle in bewaring hou tot by die kruisiging van Jesus (Gén 4, Exod – Deut, Gal 3:19 - 4:3).

Die Wet het beloftes van seën op gehoorsaamheid, of bedreiginge van straf vir ongehoorsaamheid, ingehou (byv. Lev 26, Deut 4, 6, 8, 28). In daardie Ou-Testamentiese bedeling het Israel die hele landstreek Kanaän/Palestina verower en 'n toppunt van heerlikheid en voorspoed bereik in hul eie beloofde land, onder koning Dawid en sy seun Salomo.

### Skeuring en ballingskappe

Na Salomo se dood ongeveer 930 v.C. het die volk verval tot afgodery, onderlinge verdeeldheid en bittere vyandskap met mekaar. Tien van die twaalf stamme (met 'n klein gedeelte van die stam van Levi) het weggebreek en hul eie koninkryk in die noorde van die land gevorm. Hulle het voortaan bekend gestaan as Israel, of die 'huis van Israel'. Die orige twee stamme Juda en Benjamin (met die meerderheid van Levi) het agtergebly in die suide rondom Jerusalem, en voortaan bekendgestaan as die huis van Juda. Daar was wel nog by tye na die twee huise saam (al twaalf stamme) as Israel verwys, maar andersins was die onderskeid duidelik en finaal. Sien 1Kon 12 en 2Kron 10.

Omtrent 250 jaar later (700 v.C.) is die tien stamme (Israel) weggevoer na Assirië en vandaar oor die wêreld verstrooi, gevolg deur totale vervreemding van JAHWEH en van die orige twee stamme van Juda (Jer. 3:8, 2Kon 17). Dis belangrik om te verstaan dat die verstrooide tien stamme van toe af nie meer JAHWEH se volk was nie (Hos 1:9). Hulle het 'heidene' geword, soos die volke en nasies tussen wie hulle verdwyn het. Hulle kon uiteraard nie meer as Israel bekendstaan nie.

Die twee stamme het voortgegaan onder die name Juda en Israel. Dit moet ook genoem word dat sommige van die tien stamme seker altyd in die suide tussen die twee stamme gewoon het, of op stadiums tydens of na die skeuring oorgeloop het na Juda, sodat al twaalf stamme tot 'n mate deel van die huis van Juda was.

Omtrent 'n honderd jaar later (580 v.C.) het Nebukadnésar Jerusalem en die tempel verwoes en Juda weggevoer na Babel (2Kon 24, 25, 2Kron 36). Daarmee het die hele Israel, al twaalf stamme, die straf op hul ongehoorsaamheid aan JAHWEH ontvang, en het hulle grootliks die wêreld in verdwyn.

## Herstel

JAHWEH het egter aan die begin reeds deur Moses en al die profete belowe dat Hy die hele Israel (insluitend die verlore tien stamme) weer sou herstel. Sien byv. Deut 30, Jes 2, 11-12, 43:5-7, Jer 16:15, 23:3-8, 25:11-12, 30:3, Jer 31, Eség 37, Dan 9:24-27, Miga 4, Sag 8-14 en Mal 3 en 4.

Skaars 70 jaar na Juda se ballingskap was klein groepies van hulle toegelaat om uit Babel terug te keer. Hulle het Jerusalem se mure herbou, die tempel herstel en die Wet weer ingestel. So het Israel as JAHWEH se verbondsvolk bly voortbestaan, al was hulle voortaan slegs deur hierdie klein oorblyfsel van Juda/Israel verteenwoordig. Die boeke Esra en Nehemia gee die besonderhede.

Die herstel uit Babilon was 'n belangrike keerpunt in die volk se geskiedenis omdat die Verlosser nog uit hulle gebore moes word. Die loutering van die ballingskap het hul van hul sondes gesuiwer en hul huwelik met JAHWEH herstel.

## Die einde van nasionale Israel

Omtrent 400 jaar later word Jesus Christus uit hierdie bewaarde volk gebore, presies op tyd en plek volgens die beloftes en voorspellings van die profete. Deur sy loopbaan en dood as mens het Hy die Ou Testament vervul en afgesluit, en deur sy opstanding uit die dood en die uitstorting van die Heilige Gees 'n Nuwe Testament tussen Hom en sy volk ingestel.

Kort daarna – skaars 40 jaar na Jesus se hemelvaart – het Israel sy finale einde as 'n nasionale entiteit op 'n skokkende en tragiese wyse tegemoet gegaan toe Jerusalem en die tempel weer platgevee en byna almal uitgewis was deur die Romeine. Diegene wat kon ontvlug was in alle rigtings die wêreld in verstrooi (Matt 24, Luk 19:43-44. 21:20-24). Israel het dit oor hulself gebring (Matt 27:25, Luk 19:44), maar dit het ingepas by God se groter plan, soos ons netnou gaan sien.

# DIE NUWE ISRAEL

Die profesieë het nogtans 'n algehele, permanente herstel van Israel voorsien. Hoe moet dit verstaan word in die lig van hul finale ondergang, soos hierbo beskryf? Is Israel dalk reeds herstel, en indien wel waar is hulle nou? Ons het reeds begin sien dat dié wat hulself Jode noem en voorgee dat hulle Israel is, nie aan die beskrywings van Israel voldoen nie. Verder wonder ons wie die Christene – die Kerk – werklik is, en watter verwantskappe daar moontlik tussen hulle en Israel is.

Die antwoord lê in die raaksien van die nuwe, herstelde Israel. Hierdie volk bestaan reeds, en verskyn duidelik en wonderbaarlik voor oë na voltooiing van die legkaart. U gaan nou sien hoe ons God JAHWEH die waarmaker van sy beloftes is – op 'n manier wat in die tyd van die Ou Testament vêr bo verwagting was, en vandag sy oneindige wysheid en genade vertoon.

Aangesien Jesus Christus die vervuller van die Ou Testament en testateur van die Nuwe Testament is, fokus alle voorspellings in die Bybel op Hom. Alles gebeur *deur* Hom en *vir* Hom. Dit geld dus ook vir die herstel van Israel. Kom ons kyk dan wat Hy met Israel doen:

- Hy het self 'n Israeliet geword, sodat Hy sy volk van hul sondes kon verlos (Matt 1:21).
- Hy het dit gedoen deur die Wet te vervul en die Ou Testament af sluit (Matt 5:17-18, Joh 19:30).
- Daarna het Hy 'n Nuwe Testament met sy volk ingestel (Matt 26:26-28, Hand 1:8, Hand 2).
- Na die uitstorting van die Heilige Gees en die kragtige toespraak van die apostel Petrus is die eerste Nuwe-Testamentiese gemeente in Jerusalem in die lewe geroep (Hand 2).
- Die apostels het uitbeweeg en nog meer gemeentes oor die res van die wêreld gestig (Hand).
- Hulle het die gemeentes versorg en opgebou deur besoeke en briewe wat deur getroue boodskappers en helpers afgelewer, gedupliseer en verder versprei is (Rom - Openb). So was die gemeentes beskerm en bewaar in afwagting op Jesus se wederkoms (1Thess 5:23).

Die finale verwoesting van Jerusalem deur die Romeine het min of meer saamgeval met die afhandeling van Paulus se werk (waar die boek Handelinge eindig). Daarna was die gemeentes al wat nog van Israel oorgebly het. Die ou bedeling het plek gemaak vir die nuwe. Verdere inligting oor Israel moet dus in die boeke van die Nuwe Testament (Handelinge - Openbaring) gevind word.

Maar daardie boeke handel hoofsaaklik (eintlik uitsluitlik) oor Jesus en sy gemeentes. Dit beteken dat daar een of ander verband of konneksie tussen die gemeentes en die nuwe Israel moes wees. Die vraag is dan: wie was die gemeentes, en uit watter soort mense het hulle bestaan?

## Jode en heidene

Die eerste gemeente in Jerusalem en die ander gemeentes wat gevolg het, was aanvanklik slegs 'Jode' (Hand 2:5-14, 6:1, Hand 10:28, 11:1-3,19, 13:5,42 ens.). Ons bekyk eers twee woorde van nader:

- In plaas van 'Jood' is Judeër (of Judaïet) 'n beter vertaling van die Griekse woord *Ioudaios*. In die N.T. het hierdie woord na Israel verwys, naamlik die twee stamme van Juda en Benjamin saam met sommige van die ander tien stamme.
- Die woord 'heidene' (Gr. *ethnos*) beteken volk(e) of nasie(s). Dit het na 'nie-Israel' verwys, naamlik mense of volke wat nie as Israel gereken was nie.

Die gemeentes was vas oortuig dat die evangelie net vir Israel (die huis van Juda) bedoel was. Hulle het verwag dat Jesus die volk binnekort met sy wederkoms sou kom herstel (Mark 11:8-10, Hand 1:6-8). Hulle het die heidene as nie-Israel gesien, daarom was hulle insluiting in die gemeentes ondenkbaar (Hand 10:28, Joh. 4:9, Gal 2:12). Die 'heidene' het egter deur 'n dramatiese wending deel van die gemeentes begin word. Omtrent 35-40 N.C. (vyf tot tien jaar na die stigting van die gemeente in Jerusalem) kom Petrus tot die ontdekking dat die 'heidene' ook deel van die gemeentes moes word (Hand 10). Dit was 'n ingrypende waterskeiding in denke, soos ons kan sien in byv. Hand 11 en 15.

### Wie was die heidene?

Die insluiting van die heidene het die gemeentes se volledige verwantskap met Israel openbaar. Hierdie stukkie van die legkaart gaan oor wie die 'heidene' van die Nuwe Testament werklik was. Die Ou-Testamentiese profesieë verklaar hulle afkoms vir ons. Kom ons kyk na enkeles daarvan:

- Uit Abraham sou 'n menigte van nasies voortkom, met wie Jahweh 'n ewige verbond sou sluit (Gén 17). Sy nageslag sou tot aan die uithoeke van die land Kanaän (Palestina) uitbrei en dit in besit neem. God herhaal die belofte aan Isak (Gén 26:3-4), en aan Jakob (Gén 28:14). Die twaalf stamme van Israel was dus hier ter sprake – nie die ander nakomelinge van Abraham nie (sien byv. Gén 17:15-21). Die twaalf stamme het die hele Palestina toe ook later in besit geneem, al het hulle dit weer grotendeels verloor deur hul ballingskappe en verstrooiings, veral in die geval van die tien noordelike stamme. Maar hulle het nooit van die aarde af verdwyn nie! Deur die daaropvolgende eeue was hulle steeds teenwoordig in die wêreld, ook in Palestina. In Jesus se tyd kon hul nakomelinge dus 'n beduidende deel van die totale samelewing, of selfs die meerderheid daarvan gewees het. Sien byv. Hand 2:5-11 en Paulus se sendingreise.

- Die stam van Efraim sou 'n menigte van nasies word (Gén 48:14-19). Hulle was natuurlik deel van Abraham se menigte van nasies, want Efraim was Jakob se kleinseun. Aangesien Efraim die tien stamme verteenwoordig het (Jes 7:17, 9:20, Eség 37:16, Hos 4:16-17), kom die verlore tien stamme ter sprake. Toe die Nuwe Testament aanbreek was hulle al omtrent 600 jaar lank in verstrooiing – lank genoeg om hulle herkoms en identiteit te laat vervaag. Dis dus heeltemal verstaanbaar dat die twee stamme (Juda) hulle as 'heidene' en nie-Israel bestempel het.

- Die profeet Jeremia het in hoofstuk 31 voorspel dat Jahweh beide die huise van Juda en Israel weer sou herstel in hul land, en 'n nuwe verbond met hulle sou sluit. Die nuwe verbond waarna Jeremia verwys het was die Nuwe Testament. Die Nuwe-Testamentiese 'heidene' wat by Juda se gemeentes aangesluit het, kon dus die verlore huis van Israel wees. Sien Matt 2:18 (Jer 31:15), Heb 8:8-12 (Jer 31:31-34) en 2Kor 3:3 (Jer 31:33).

- Die profeet Eségiël het die herstel van Israel baie spesifiek beskryf in terme van die twee stamme van Juda wat weer met die verlore tien stamme herenig sou word (Eség 37). Dawid sou hulle koning wees en Jahweh sou 'n ewige verbond met hulle sluit. Dit was weereens die Nuwe Testament wat voorspel was, waar Juda en die 'heidene' in gemeenteverband saamgesmelt het. Dit wys nogmaals daarop dat die 'heidene' die verlore tien stamme moes wees.

- Die profeet Amos het voorspel dat die 'vervalle hut van Dawid' weer opgerig sou word (Amos 9:11). Die hut van Dawid was die twee huise van Israel en Juda. Die oprigting van die vervalle hut van Dawid was die insameling van gelowiges uit Juda sowel as Israel, onder die Nuwe Testament. In Hand 15:16 pas Jakobus dit onomwonde in gemeenteverband op Juda en die 'heidene' toe, wat daarop wys dat die 'heidene' die verlore deel van die huis van Israel was.

- Die profeet Miga het voorspel dat Juda net na Jesus se eerste koms met Israel herenig sou word (Miga 2:12, 4:7, 5:2,7). Die 'kraal', 'weiveld' en 'die berg Sion' waarna Miga verwys het, was die gemeentes van die Nuwe Testament! Dit dui weereens daarop dat die 'heidene' in die gemeentes die verlore tien stamme van Israel was. Jesus het ook hiervan gepraat, nog voor sy kruisiging (Joh 10:14-16). Sien ook Joh 11:52.

- Die profeet Sagaría het voorspel dat die tien stamme (Efraim) en Juda (Jerusalem) na Jesus se eerste koms weer in vrede saam sou wees (Sag 9:9-10). Dit stem ooreen met Ef 2:11-22, wat nogmaals wys dat die gemeentes se 'heidene' en die verlore tien stamme dieselfde mense was.

- Die profeet Hoséa het gesê dat die tien stamme nie meer Jahweh se volk, en Hy nie meer hul God was nie, maar hy het voorspel dat hulle na Jesus se eerste koms weer sy volk sou word. Die hele boek Hoséa vertel daarvan. Paulus haal hierdie profesie in Rom 9:23-25 aan terwyl hy praat van die gelowiges wat God uit die Judeërs sowel as die 'heidene' geroep het.

Daar is nog baie soortgelyke profesieë wat deur die Nuwe Testament tot vervulling gekom het. Dit is 'n koor van getuienis wat bevestig dat:-

– die 'heidene' in die gemeentes uit die verlore tien stamme van die Ou Testament gekom het,

– hulle ook toegang tot die Nuwe Verbond gekry het deur geloof in Jesus Christus,

– die twee groepe binne gemeenteverband herenig was, met die ou vyandskap uit die weg geruim.

## Die gemeentes

Met die voorgaande stukkies van die legkaart in plek kom die verborgenheid volledig aan die lig:

**Die gemeentes van die Nuwe Testament was die beloofde nuwe, herstelde Israel**

Dis miskien goed om die essensie van die stelling nogmaals te beklemtoon: Die nuwe, herstelde Israel was die gelowiges uit al twaalf stamme van Israel, wat na Jesus se eerste koms weer verenig en met mekaar en met God versoen geraak het. Verstaan die onderstreepte gedeeltes so:

- Die herstelde Israel het slegs uit Christene bestaan, naamlik die gemeentes. Die ongelowiges uit die twee stamme was steeds die ou Israel wat naby sy einde was (Rom 11:7-11). Net so was ongelowiges uit die tien stamme steeds nie sy volk nie (Hos 1, Rom 9:24-25, Ef 2) en deel van die wêreld wat bestem was om verlore te gaan (2Kor 4:3-4).

- Die nuwe Israel het uit die hele Israel – al twaalf stamme – gekom (Hand 26:6-7, Rom 11:26). Die brief van Jakobus aan 'die twaalf stamme wat in die verstrooiing is' (Jak 1:1) gee verdere sekerheid daarvan. Hy praat met die **gelowiges** (gemeentes) uit daardie twaalf stamme. Die nuwe Israel was dus **uit** die twaalf stamme, nie **die** twaalf stamme nie.

- Die gemeentes was die resultaat van wat Jesus met sy eerste koms kom doen het. Hulle was die vrug van sy werk op aarde – die tasbare verwesenliking van sy groot doelwit (Kol 1:18).

- Hul hoofkenmerk was die vrede wat hulle met mekaar (die twee met die tien stamme) en met God gehad het (Ef 2:11-22). Vrede was 'n essensiële kenmerk van die herstelde Israel, volgens die profesieë. Dit was moeilik aan die begin, maar die gemeentes het die betekenis van die samevoeging mettertyd verstaan en aanvaar (Hand 15:14-17, 26:6-7, Rom 11, Ef 2:11-22). Sien ook Rom 16:25, Ef 3:1-10, Kol 1:24-27 waar Paulus die verborgenheid bespreek.

## Burgerskap

Die gemeentes het ’n verhewe en sentrale posisie in Jesus se Koninkryk beklee. Hulle was 'tot lof van die heerlikheid van sy genade' (Ef 1:6,12), en sy 'liggaam en volheid' (Ef 1:17-23) – 'n heerlikheid en status wat kwalik in woorde beskryf kan word! Dit is baie interessant dat die Nuwe-Testamentiese sendbriewe nooit aan individue geskryf was nie, maar aan gemeentes. Selfs Paulus se briewe aan sy medewerkers Timótheüs en Titus het op die gemeentes waarvoor hulle verantwoordelik was, betrekking gehad. Filémon was self ook deel van ’n gemeente. Jesus se gemeentes is die burgers van sy koninkryk!

Dit beteken dat burgerskap van Jesus se koninkryk dieselfde beteken as om deel van ’n gemeente te wees. Die Nuwe Testament ken nie alleenlopers in die geloof nie. Selfs ’n klein groepie gelowiges wat saam in die geloof staan, is ’n gemeente (Matt 18:20).

Gemeentes van gelowiges, of burgers van Jesus se koninkryk, voldoen aan die volgende eienskappe en vereistes:

- Hulle is wedergebore en met die Heilige Gees vervul. Wedergeboorte is ’n absolute vereiste (Joh 3). Ons sien dit ook in byv. Hand 2:37-47, Tit 3:5 en 1Pet 1:3, 23.
- Die gemeentes is die nuwe Israel. Die nuwe Israel se grondslag is nie meer die ou Testament en die Wet nie, maar die Nuwe Testament en Jesus se gebooie (Heb 8).
- Burgerskap word nie meer verkry deur natuurlike geboorte uit die twaalf stamme nie, maar deur wedergeboorte uit God (Joh 1:13, 1Joh 3:9, 5:1 ens.).

Die gemeentes is ook die toonbeeld van die rykdom van seëninge wat aan die nuwe Israel gegee word. Hulle is sy bruid en sy vrou (2Kor 11:2, Ef 5:23-33; Openb 19:7, 21:9-27), sy geestelike ‘huis’ (Gal 6:16, 1Pet 2:5-10) en erfgename van die hemelse rykdom (Rom 9:23-24, Ef 1:18-23). Elke belofte van JAHWEH aan oud-Israel word vervul deurdat Jesus dit oor sy nuwe Israel uitgiet – wel nog nie alle aardse rykdom en voorspoed nie, maar reeds die geestelike rykdom van wedergeboorte, inwoning deur die Gees, geloof, sondevergifnis, blydskap, hoop, geloofsgemeenskap met ander, sy oneindige liefde en nog baie meer.

## Skadubeelde en werklikheid

Ons moet begryp dat die Ou-Testamentiese profesieë en beloftes van herstel en seëninge in die letterlike, skadu-agtige, oud-Israelse konteks beskryf was, anders sou niemand, nie eers die profete self, dit daardie tyd kon verstaan nie. Hulle het nog nie van Jesus en sy nuwe evangelie geweet nie. Hulle het slegs die konteks en taal van die Ou Testament geken. Maar vandag kan ons dit verstaan in terme van die genoemde Nuwe-Testamentiese werklikhede, wat oneindig heerliker is en vir ewig aanhou. Neem byvoorbeeld wat die profeet Jesaja gesê het:

Jes 2:3: En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

Hierdie uitspraak van Jesaja is vir die <u>nuwe</u> Israel vervul: Die baie volke was verstrooide Israel (‘heidene’). Die berg en die huis van die HERE was die **gemeentes**. Sy weë en paaie was die **evangelie van Jesus**. Die wet en woord van die HERE was die **Nuwe Testament**. Sion was die huis van **Juda** met die **gemeente in Jerusalem**, deur wie die evangelie uitgegaan het na die wêreld.

## PROBLEEMTEKSTE

Met die openbaring van die identiteit van die heidene van die Nuwe Testament is die andersins ingewikkelde en onverstaanbare legkaart van Israel opeens voltooi. Bybeltekste wat nie bevredigend verklaar kon word nie, is nou maklik verstaanbaar. Hier is een van die beste voorbeelde:

**Rom 11:25-27**

Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend; en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.

Die verharding (blindheid) wat ten dele oor Israel gekom het was die ongeloof van ’n deel van die twee stamme (Juda) en hul verwerping van Jesus. Dit het gelei tot Paulus en die apostels se besluit om hulle na die ‘heidene’ te wend (Hand 13:46, 28:28). Die ‘volheid van die heidene’ was al die gelowiges uit die verlore tien stamme wat die genade ontvang het om in die Nuwe Testament in te kom en so weer God se volk te word (Hand 13:48, Rom 9:25-26). Uit al twaalf stamme word dus die hele nuwe Israel gered, naamlik daardie oorblyfsel van hulle wat Jesus aanvaar (Rom 9:27-29).

Nog ’n pragtige voorbeeld is Openb 21, waar die apostel Johannes die nuwe Jerusalem beskryf. Vers 12 kan moeilik verstaanbaar wees omdat dit Israel – die twaalf stamme – as die inwoners van die stad uitsonder:

En dit het ‘n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel.

Mens sou geneig wees om te dink: die heidene het immers ook genade ontvang om gered te word; is hulle dan buite die stad êrens? Daar kan tog geen onderskeid wees nie? Maar as jy weet dat die Israel waarvan hier gepraat word die herstelde, nuwe Israel is wat gelowiges uit die verlore tien stamme (heidene) insluit, dan word alles duidelik.

# ISRAEL VANDAG

Dis nou ook baie belangrik om te verstaan dat die herstel van Israel ’n deurlopende proses is wat voortduur namate die gemeentes groei, totdat die nuwe Jerusalem uit die hemel neerdaal. Ons as gelowiges is vandag die herstelde Israel op aarde. En hierdie nuwe volk is reeds naby aan haar volle getal!

U mag dalk vra hoe dit moontlik is dat ***vandag*** se gemeentes (die Kerk, as u wil) die herstelde Israel kan wees. Ons kom tog immers nie uit die oorspronklike twaalf stamme nie? Die antwoord is tweërlei:

- Dit is baie waarskynlik dat ons wel fisies van oud-Israel afstam. Alhoewel die grootste gedeelte van Israel na die verskeie ballingskappe en verstrooiings van die twaalf stamme uit die oog en uit die geskiedenis verdwyn het, is hulle in JAHWEH se genade wonderbaarlik bewaar. Die oorgrote meerderheid het nie weer teruggekeer na hul oorspronklike land nie, maar verder weg beweeg na die weste van Europa en uiteindelik die ander Westerse vastelande. Hul moderne nasate is die Wes-Europese volkere of kenbare groepe binne daardie nasies. Ons eie volk, wat uit hierdie volke voortstam, kan dus ook sy herkoms uit Israel so aflei. Dit word ook bespreek in die studie oor RASSEVERHOUDINGE.

- Dit is moeilik om ons fisiese verwantskap aan Israel geskiedkundig en wetenskaplik te bewys, maar inligting wat wel beskikbaar is saam met heelwat Bybelse gegewens, gee voldoende sekerheid. Ons glo dit ook uit ’n oortuiging wat die Gees in ons hart en verstand opwek. As u dit nogtans moeilik vind om te dink dat u ’n nakomeling van die twaalf stamme kan wees, maar tog wel weet dat u van Adam afstam, dan is u as Christen in elk geval deel van die herstelde Israel. Dit werk so: Alle suiwer nakomelinge van Adam is van dieselfde ras en genetika, waar Israel slegs een van sy vele geslagslyne was. In die Ou Testament kon ander ‘Adamiete’ (vreemdelinge) dus by Israel aansluit en volledig in die volk opgeneem word deur aanneming van hul geloof en gebruike (byv. Exod 12:48-49, Lev 19:34). Net so kan enige Adamiet vandag deel word van die nuwe, herstelde Israel deur geloof in Jesus Christus (Rom 4:16, Gal 3:7). So kry die ganse geslag van Adam toegang tot herstel en redding.

## JOODSE AANSPRAAK

Die hedendaagse Jode maak egter sterk daarop aanspraak dat húlle die fisiese nageslag van Israel is. Dié oortuiging word klakkeloos deur die meeste Westerse kerke aanvaar en aan hul eie lidmate verkondig. Gevolglik verkeer die blanke Christendom in twyfel oor hul eie identiteit en aanvaar maar goedsmoeds dat hulle in die kategorie van ‘heidene’ val, wat (foutiewelik) as nie-Israel vertolk word. In werklikheid is die meeste Jode nie Israel nie, maar afstammelinge van die ou Khazar-volk van Oos Europa. Die Khazare het ongeveer 740 n.C. 'n vorm van Judaïsme as geloof aangeneem vir politieke redes. Teen die einde van die Khazar-ryk het hulle oor die wêreld begin versprei en orals as Jode bekend geraak. Ander hedendaagse Jode se herkoms is onduidelik of onbekend, en slegs 'n klein aantal van hulle is ware nakomelinge van Israel. Wanneer mens eers die rol verstaan wat die Judaïsme en die Joodse geldmag speel in die stryd teen Jesus Christus en sy volgelinge, word dit heeltemal duidelik dat die Jode nie Israel is nie.

## SLOT

Dis ’n besondere voorreg om te mag weet dat ons gemeentes die ware Israel van God is en dat elke gelowige ’n volwaardige lid van hierdie volk is. Die wete dat dit hier en nou bestaan en nie êrens in die toekoms lê nie, is voorwaar opwindend! Mag u die inspirasie ontvang om opnuut die beste van u tyd en talente in u gemeente te belê, sodat u en u medelede daardie seëninge en rykdom wat aan Israel belowe is, ten volle in besit kan neem en daarmee kan woeker!